

Sing vooraf: Psalm 118:7 (p. 577)

- 7 Dit is die HEER wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1, 3 (p. 700)

- | | |
|---|--|
| 1 Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme
vroliek toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied. | 3 Salig hy wat in die lewe,
sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe,
vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag
op die HERE ^o alleen bly wag. |
|---|--|

Geloofsbelydenis Apostolicum

Na die wet antwoord ons God met Psalm 103:2 (p. 504)

Wet

Psalm 103:2 (p. 504)

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 4:3 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Skriflesing: 1 Samuel 28

Teks: 1 Samuel 28:11

En die vrou vra: Wie moet ek vir jou laat opkom? En hy sê: Laat Samuel vir my opkom. (1 Samuel 28:11 AFR53)

Waar en wat is die doderyk? Hoe ernstig was dit vir die vroeë gelowiges om daarin te beland? Kan mense daar nog tot bekering kom en kan hulle daarvandaan terugkom hiernatoe?

Al hierdie soort van vrae word baie keer gevra en daar word ook baie daarvoor bespiegel – daar is deesdae selfs mense wat enige bestaan na die dood ontken!

Daarom gaan ons in hierdie preek weer kyk na wat die Bybel oor hierdie dinge openbaar.

- 1. Die Ou Testament en die dood**
- 2. Waar is mense wat doodgegaan het?**
- 3. Is die mense daar dood?**

1. Die Ou Testament en die dood

Uit die mense in die Ou-Testamentiese tyd se rituele rondom die dood kom mens agter dat die dood vir hulle 'n baie ernstige saak was. Hulle het baie dinge gedoen wanneer een van hulle geliefdes doodgegaan het:

- Hulle het hulle klere geskeur en rouklere gedra.
- Hulle het hulle gesigte en koppe toegedraai.
- Hulle het hulle juwele en versiersels afgehaal.
- Hulle het stof en as op hulle koppe gegooi.
- Hulle het hulle nie gewas nie en ook nie gesalf nie.
- Hulle het gevas of vir 'n lang ruk min geëet.
- Hulle het klaagsange gesing en offers gebring.

Dit alles sou mens kon mislei om te dink dat hulle geglo het dat alles met die dood verby is.

- Maar dit is nie so nie, hulle het juis geglo in die lewe na die dood.
- Daarom het begrafnis vir hulle so 'n groot betekenis gehad.

Wat interessant is, is dat verbranding van dooies algemeen voorgekom het by al die nasies rondom Israel, maar self het die gelowige Israëliete dit nie onder normale omstandighede gedoen nie.

- Hulle het mense byvoorbeeld net na doodstraf verbrand (Genesis 38:24, Levitikus 20:14; 21:9, Josua 7:15).
- Verder het ons in die hele Bybel net die een voorbeeld van Saul en sy seuns se liggame wat eers verbrand is voordat dit begrawe is.

Om nie begrawe te word nie, was 'n groot skande.

- Daarom vermeld die Bybel altyd met klem dat iemand begrawe is.
- In die geveg tussen Dawid en Goliat dreig die twee mekaar juis daarmee dat die een sal sorg dat die ander een nie begrawe word nie sodat die voëls en die diere hom kan opvreet.
- Die bedoeling is dat hulle mekaar dreig met die skande daarvan om nie begrawe te wees nie (1 Samuel 17:44, 46).
- Die vloek wat oor Jerobeam uitgespreek was, was ook dat letterlik niemand van hom of sy nasate begrawe sou word nie, behalwe die een kind wat by die Here genade gekry het (1 Konings 14:11, 13; 16:4, 2 Konings 9:10, Psalm 79:3, Prediker 6:3, Jesaja 14:19, 20).

Met uitsprake soos hierdie stel die Here sy saak baie duidelik:

- Hy wil hê dat die gelowiges begrawe moet word.
- Dit is net die ongelowiges wie se liggame Hy laat rondlê in die veld.

Daar was baie simboliek rondom baie van die handeling in die Ou Testament:

- 'n Liggaam wat nie begrawe is nie, wek die afsku van die mense.
- Bloed wat vergiet is, roep om wraak.

- Die Here konfronteer Kain byvoorbeeld daarmee dat sy broer se bloed van die aarde af na die Here roep om wraak te neem (Genesis 4:10; 37:26. Vgl ook: Job 16:18; Jesaja 26:21; Esegïel 24:7).
- Die rede is omdat die Bybel leer dat die bloed die blyplek van die siel is (Levitikus 17:11).

2. Waar is mense wat doodgegaan het?

Ons sou kon vra waarom 'n begrafnis vir die Here so belangrik is. Is die bedoeling dat 'n persoon wat gesterf het, is waar sy liggaam begrawe is en dat dit is waarom die Here so streng is op begrawe?

- Die antwoord is: Nee. 'n Persoon wat gesterf het, is nie meer in die land van die lewendes nie. Die mense wat sterf, gaan na die doderyk toe.
- Die Hebreeuse woord vir *doderyk* (*sjeool*) beteken iets soos:
 - *tot beslissing bring*, of ook: *slap wees*, *afhang*.
- Daaruit is dit duidelik dat die mens in sy doodsoomblik deur die oordeel van die Here uitgesorteer word.
 - Al die plekke in die Bybel wat na die doderyk verwys, leer dat die mense daar nie kan loskom van dit wat hulle tydens hulle aardse bestaan gedoen het nie.
 - Met ander woorde hulle kan nie daar tot bekering kom nie.
 - Dit is dan te laat vir die wat ongelowig gesterf het om te verander.

Die wat die Here nie aanbid en dien nie, bly vir ewig in **die hel**.

- Dit is die plek waarvan die Bybel sê dat daar 'n onuitbluslike vuur is en waar die wurms die mense verteer, maar waar die dood nie kan intree om verligting te gee nie.

Die woord **doderyk** word normaalweg gebruik in die betekenis van **die hel**.

- Daarom vorm die **doderyk** soos wat dit in die Ou Testament beskryf word, die teëpool met lewe en rykdom soos wat ons dit op die aarde ken.
- In die **doderyk** is daar ook geen vreugde nie.
- Die bedoeling van al hierdie beskrywings is bloot om te sê dat die **doderyk** sinoniem is met die graf (vgl. Genesis 37:33, 35).

Die **doderyk** is 'n plek waaruit mens nie normaalweg kan terugkom nie.

- Die doderyk is as 't ware 'n stad wat gegrendelde poorte het (Psalm 9:14).
- Die doderyk word beskryf as 'n plek wat mense gevange hou in sy mag (Psalm 49:16; 89:49; Jesaja 24:22).
- **Die wolk verdwyn en gaan heen – so kom hy nie weer op wat na die doderyk neerdaal nie. Hy sal nie meer teruggaan na sy huis nie, en sy plek sal hom nie meer ken nie.** (Job 7:9, 10 AFR53)

Waar is die **doderyk**? Die Bybel gebruik verskillende beskrywings:

- In die Ou Testament word die doderyk beskryf as 'n plek diep in die aarde en die mense daal daarin af (Numeri 16:30; Psalm 30:4, 10; Jesaja 38:18; Psalm 63:10).

Tog is daar 'n hele paar beskrywings in die Bybel van mense wat opgewek is uit die dood (1 Konings 17:22; 2 Konings 4:34; Job 14:7 – 12).

En die HERE het Elía verhoor; en die siel van die kind het in hom teruggekeer, sodat hy weer lewendig geword het. (1 Konings 17:22 AFR53)

Daarna klim hy op en gaan lê op die kind en sit sy mond op dié se mond en sy oë op dié se oë en sy hande op dié se hande en buig oor hom neer; en die vlees van die kind het warm geword. Daarop het hy teruggekom en in die huis een keer heen en weer geloop, om dan opnuut op te klim en oor hom neer te buig; en die seun het sewe maal genies; en die seun

het sy oë oopgemaak.

(2 Konings 4: 34, 35 AFR53)

Die Bybel laat ons aan die wat dood is dink asof hulle lewe.

- Daar is voorbeelde waar dit beskryf word asof hulle op die aarde verskyn en deur die mense hier herken word.
 - Voorbeelde is Samuel wat deur die heks van Endor opgeroep is (1 Samuel 18:14)
 - Moses en Elia op die berg van verheerliking.

3. Die dood en die Ewigheid vorentoe

Dit was ook juis hierdie twee – Moses en Elia – se besoek wat die hele saak rondom die doderyk verander het, want hulle het Jesus net voor die kruisiging besoek en Hom versterk. Daarvandaan is Jesus Jerusalem toe om gekruisig te word.

Die kruisdood van die Here en al hierdie dinge rondom die doderyk en die dood, staan in direkte verband met mekaar.

- Die dood wat ons tref en die doderyk is juis as gevolg van die sonde – ons sondes en die sondes van die klomp engele wat saam met die duivel teen God in opstand was.
 - Die dood is juis almal (uit al twee die groepe) se straf,
 - en die doderyk is juis die blyplek van almal wat die Here nie met hart en verstand dien nie.

Dit het alles te doen met die buitengewone verskyning van Moses en Elia uit die hemel uit, want hulle verskyning was juis om die Here Jesus te versterk vir sy kruisdood – sy kruisdood wat die dood sou verander en letterlik uit sy fundamente sou uitskud.

- In Jesus Christus word geopenbaar hoe selektief die genade van God is. Hy voorsien slegs gedeeltelik verlossing.
- Jesus bewerk versoening vir die mense, maar glad nie vir die engele wat ook gesondig het nie.
 - Hulle gaan vir ewig verlore.
 - Die engele wat gesondig het, het dit blykbaar van die begin af geweet, want dit is waarom hulle, wat nou as die duiwels bekendstaan, elke keer gesmeek het dat die Here Jesus hulle nie voor hulle tyd moet pynig nie.
 - Daarmee het hulle duidelik gesinspeel op hulle uiteindelijke toekoms in die hel.

Aan die kruis het die Here Jesus die rede waarom God die doodstraf oor ons mense uitgespreek het, weggeneem.

- Hy het al die toorn van die Here oor ons sondes op Hom as Persoon saamgetrek. Daar aan die kruis het Hy die verskriklike straf van God gedra, sodat die Here daardeur bereid is om ons van die ewige dood te verskoon.
- Dit was nie 'n maklike gebeurtenis nie. Daar het op daardie dag baie dinge gebeur wat die mense wat daar was, nie gesien het nie.
 - Daar was geweldige kragte aan die werk soos wat God sy toorn oor die mense se sondes op Jesus Christus laat losbrand het, totdat sy toorn oor ons uitgewoed was.
 - Jesus was nie in die hel nie, maar Hy het die angs van die hel aan sy liggaam en sy siel deurgemaak. Dit was byvoorbeeld waarom die rotse geskeur het en waarom dit skielik donker geword het. Jesus het dit ook mos uitgeroep dat God Hom verlaat het.

Dit alles het die dood verander.

- Nou is al die straf van die Here oor ons sondes uitgewoed.

- Nou lewe ons vir ewig saam met en by die Here deur die genade van Jesus Christus.

Dit beteken nie dat ons nou vir ewig sal lewe sonder om liggaamlik dood te gaan nie.

- Dit beteken dat die Here die liggaamlike dood gebruik om ons van hierdie lewe af na die ewige lewe toe te laat oorgaan.
- Inderdaad was die effek van die kruisdood so kragtig dat mense soos Moses hulle al eeue tevore in die krag van Jesus in die hiernamaals kon ingaan.
- En dat iemand soos Henog en Elia weggeneem is hemel toe sonder dat hulle liggame op die aarde gesterf het en begrawe is.

In die Nuwe Testament bly al die ander dinge rondom die dood presies dieselfde as wat dit in die Ou Testament was.

- Ons liggame gaan nog steeds dood en word nog steeds begrawe.
- Tog is daar groter gerustheid in ons gemoedere as wat daar was in die gemoedere van die mense van die Ou Testament, want ons weet meer van die hiernamaals af as hulle.

Jesus Christus self het daarvoor gesorg.

- Hy het geopenbaar dat die gelowiges na hulle dood onmiddellik by God in die hemel is.
 - Hy het dit byvoorbeeld aan ons geopenbaar in die gelykenis wat Hy vertel het van Lasarus (die bedelaar in 'n gelykenis) wat gesterf het en dadelik na sy dood saam met Abraham in die hemel is en van die ryk man wat ook gesterf het en dadelik na sy dood in die hel was.
 - Soortgelyk is die voorval met die een rower wat saam met die Here gekruisig is en wat kon sterf met die belofte dat hy daardie selfde dag nog saam met Jesus in die hemel sou wees.

Die Here Jesus het nog meer gedoen.

- Hy het aan die kerk in sy geheel 'n groot stuk openbaring voorsien toe Hy aan die apostel Johannes die hiernamaals geopenbaar het.
- Daar het Johannes baie mense gesien wat vroeër op die aarde gelewe het, byvoorbeeld die ouderlinge en die siele onder die altaar.
- In 'n ander gesig het Johannes al die gelowiges wat op die aarde gelewe het, groot en klein, voor die Here sien staan.

Sover dit ons aangaan wat nog in hierdie lewe is, is die reël dat die wat uit hierdie lewe weggegaan het na die ewige lewe toe, nie terugkom na hierdie lewe toe nie. Behalwe as die Here dit self doen in uitsonderlike gevalle, soos wat Hy veral vroeër jare gedoen het.

Die belangrike punt is net dat ons, nadat ons liggame hier op die aarde doodgegaan het, nog steeds lewe.

- Dit is nie net die Ou Testament wat duidelike blyke daarvan gee nie.
- Die Nuwe Testament leer dit baie duidelik dat mense wat hier gesterf het nou by die Here leef.

Die dood is nie vanself ewig in sy bestaan nie.

- Daarom het die Here Jesus Christus uit die dood uit opgestaan.
- Die Here leer ons ook dat die Here Jesus die dood finaal gaan vernietig voordat Hy die koninkryk aan die Vader oorgee.

Wat beteken dit vir ons?

- Dit beteken dat alle mense ewig lewe.
- Die wat die Here opreg dien, sal lewe in die lewe na hierdie een in die koninkryk van God.

- Hulle is daar volmaak, en hulle sal in daardie bedeling nie weer deur allerhande smart en ellendes vasgevang kan word nie.

Die Here troos ons met al hierdie dinge uit die Bybel.

- Sy troos is daarop gerig dat ons nie die oomblik wanneer ons moet sterf hoef te vrees nie.
- Om ook nie moedeloos te word wanneer ander vir wie ons lief is, sterf nie.
- Leef gelukkig en tevrede, en leef met die oë en die harte gevestig op die verwagting wat ons het in ons Here Jesus Christus.
- Weet dat u leef vir ewig.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 138:2 (p. 670)

- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
 U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
 Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
 wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Bevestiging: Wynand Bezuidenhout as ouderling saam met ander ouderlinge en diakens

Psalm 134:4 (p. 653)

- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
 U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
 Gereformeerde Kerk Bellville
 Datum: 20 April 2008 (oggend)